| 4.16                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/<br>materiaal   |    | Stakings, onluste, opstoking of enige ander vorm van onwettige aksie / vergadering / veldtog by die skool namens ander leerders of personeel.                                                                                              | -240 |
| 4.17                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/<br>materiaal   |    | Deelname aan bende-aktiwiteite of soortgelyke gedrag as bendedegedrag.                                                                                                                                                                     | -240 |
| 4.18                                   | Gesondheid<br>Veiligheid                  | en | Gewelddadige ontvoering / vervoer of gevangene hou van enige persoon teen hulle wil. (Aanhou van persoon as gyselaar).                                                                                                                     | -240 |
| 4.19                                   | Eiendom                                   |    | Vandalisme / opsetlike saakbeskadiging van skool of opvoeders of mede-leerders se eiendom op enige wyse.                                                                                                                                   | -240 |
| 4.20                                   | Bedrog                                    |    | Bedrog pleeg met 'n amptelike dokument wat aan die skool uitgereik is en / of uitgereik is deur die skool in enige formaat insluitend in elektroniese formaat.                                                                             | -240 |

## GEDRAGREËLS

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie 'n straf nie.  
Onderworpe aan veranderinge.

| KATEGORIE D (BAIE ERNSTIGE OORTREDING) |                                      |                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |      |
|----------------------------------------|--------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------|
| 4.21                                   | Intellektuele Eiendom                | Gebruik van skool se intellektuele eiendom bv. skoolwapen, enige embleem, skoollied, slagspreuke en ander afbeeldings, video's, klankopnames, foto's ens. sonder toestemming op enige manier of aanlyn sonder vooraf toestemming van die BL en/of skoolhoof.                                              | -240 |
| 4.22                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/ materiaal | Teistering en/of intimidasie van enige persoon, in persoon, op enige sosiale platform of enige ander wyse. Ingesluit maar nie beperk tot vloek / belediging van 'n personeellid / opvoeder / enige ander persoon op enige wyse en/of gebare en/of ernstige opstandigheid / terugpraat / weerbarstigheid.  | -240 |
| 4.23                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/ materiaal | Seksuele molestering en/of verkragting van opvoeder, personeellid of leerders.                                                                                                                                                                                                                            | -240 |
| 4.24                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/ materiaal | Die skep, verspreiding of dreigement om valse of regte pornografie of eksplisiete beelde te versprei sonder 'n persoon se toestemming / kennis, ook bekend as "nie-konsensuele pornografie" of "wraakpornografie".                                                                                        | -240 |
| 4.25                                   | Selfoon                              | Ernstige misbruik van selfoon, oortreding van die POPI Wet, neem van video's of "sexting". Kuberafknoery en/of afneem van gevegte / boelie / aanranding hetsy fiksie of realiteit, en die plasing of verspreiding daarvan op die internet of enige sosiale media platform. Selfoon sal gekonfiskeer word. | -240 |
| 4.26                                   | Verbode Middels                      | Ongemagtigde gebruik, koop of verkoop of besit van alkoholiese middels / vloeistof wat alkohol en / of enige ander medisyne / bedwelmingsmiddel bevat en / of verspreiding daarvan en / of advertering daarvan op enige wyse insluitende enige aanlyn platform of sosiale media.                          | -240 |
| 4.27                                   | Verbode Middels                      | Weiering om dwelmmiddeltoets te ondergaan, of enige verdragingsstegnieke wat gebruik word om nie getoets te word. Weiering sal beskou word deur die skoolowerhede as 'n positiewe uitslag van dwelmgebruik.                                                                                               | -240 |
| 4.28                                   | Deursoeking                          | Weiering om deursoek te word.                                                                                                                                                                                                                                                                             | -240 |
| 4.29                                   | Verbode Middels                      | Ongemagtigde gebruik, koop of verkoop of besit van onwettige dwelms, dwelm toebehore of onder die invloed van onwettige dwelms of positief toets vir die gebruik van onwettige middels.                                                                                                                   | -240 |
| 4.30                                   | Ontoelaatbare aktiwiteite/ materiaal | Enige spirituele aktiwiteite wat klasbywoning ontwrig of lei tot emosionele of fisiese ongemak by leerders. Dit sluit in satanistiese praktyke / toordery / kulturele praktyke wat eiendom beskadig en /of emosionele stres of skade veroorsaak by enige persoon of dier.                                 | -240 |
| 4.31                                   | Diefstal                             | Betreding / inbraak / diefstal/ kriminele optrede / besit van gesteelde goedere.                                                                                                                                                                                                                          | -240 |
| 4.32                                   | Diskriminasie                        | Diskriminasie (ras / geslag / geloof)<br>Ernstige anti-sosiale gedrag bv. haatspraak, diskriminasie, seksisme, rassisme, intimidasie, teistering, geestelike, emosionele boelie, en/of aantasting van menswaardigheid.                                                                                    | -240 |
| 4.33                                   | Gemene Reg / Strafreg                | Enige wangedrag strafbaar onder gemene reg. Skuldigbevinding aan enige strafregtelike oortreding.                                                                                                                                                                                                         | -240 |

## GEDRAGREËLS

Die dissiplinêre kode is vir rekordhouding en nie 'n straf nie.  
Onderworpe aan veranderinge.

### DISSIPLINÊRE PROSEDURES

Let daarop dat afhangend van die graad van ernstigheid van die oortreding kan dit onmiddellik lei tot tydelike skorsing vir 'n maksimum van 7 skooldae gevolg deur 'n BL-verhoor en 'n klag / klagte ingevolge die gedragskode. Die aanmelding van die saak by die Suid-Afrikaanse Polisie Diens is ook moontlik.

Demeriete punte vir elke oortreding(s) word per SMS na ouer(s)/voog(de) gestuur. (-10 tot -80 punte).

Eerste skriftelike waarskuwing aan ouer(s)/voog(de): - 90 punte

**Intervensie 1: -120 punte (Graadvoog + ouer/voog + betrokke leerder + betrokke personeel)**

Demeriete punte vir elke oortreding(s) word per SMS na ouer(s)/voog(de) gestuur. (-130 tot -200 punte).

Tweede skriftelike waarskuwing aan ouer(s)/voog(de): -210 punte

**Intervensie 2: -240 punte (Graadvoog + ouer/voog + betrokke leerder + betrokke personeel)**  
**Moontlike Dissiplinêre verhoor**

| Sanksie                                       | Onmiddellike aksie<br>(Kategorie A) | Interne intervensie<br>/ verhoor<br>(Kategorie B) | Dissiplinêre<br>verhoor (Kategorie<br>C<br>en D) |
|-----------------------------------------------|-------------------------------------|---------------------------------------------------|--------------------------------------------------|
| Skriftelike waarskuwing na 90 demeriete punte | X                                   | X                                                 | X                                                |
| Konfiskering                                  | X                                   | X                                                 | X                                                |
| Opskorting van voorregte                      | X                                   | X                                                 | X                                                |
| Verslag voltooi vir 2 weke                    | X                                   | X                                                 | X                                                |
| Skooldiens                                    | X                                   | X                                                 | X                                                |
| Berading en mentorskap                        |                                     | X                                                 | X                                                |
| Herstel of vervanging van skade               |                                     | X                                                 | X                                                |
| Vergoeding                                    |                                     | X                                                 | X                                                |
| Skoolontsegging                               | Maksimum van 7 skooldae             |                                                   |                                                  |
| Skorsing                                      |                                     |                                                   | X                                                |

Verwys na die Gedragskode vir Leerders vir die volledige beleid.

# VOORKOMS- EN KLEREDRAGREËLS

## Algemeen

Leerders van Hoërskool Hartbeespoort is beeld draers van 'n goed geordende skool gemeenskap. Daar kan met soveel trots gekyk word na 'n leerder wat korrek en netjies ons skooluniform dra. Die algemene indruk moet netjies wees en die haarstyl moet nie onnodige aandag trek nie. Terwyl leerders in die skooldrag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins moet hulle voldoen aan die voorkoms- en kleredrag reëls.

Daar word verwag dat alle leerders wanneer hulle in die voorgeskrewe skooldrag verskyn, die voorskrifte noukeurig sal nakom op die skoolterrein en in enige openbare plek.

1. Slegs die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en met ander skoolaktiwiteite soos wat die BL bepaal, gedra word.
2. Skooldrag moet ten alle tye skoon en netjies wees.
3. Dit is 'n oortreding van die gedragskode indien 'n seun, dogtersdrag of 'n dogter, seunsdrag op die skoolterrein of in die publiek dra.
4. Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoerings word aanvaar om hare te laat groei of om voorkomsreëls vir seuns en dogters te oortree nie.
5. Die voorkoms- en kleredrag reëls geld te alle tye as leerders skooldrag of loslitdrag aan het.
6. Die BL kan na goeddenke toestemming verleen dat leerders by seker geleenthede siviele / gewone drag dra. Let wel dat alle skoolreëls steeds van toepassing is.

## KLEREDRAGREËLS: SEUNS

| SEUNS        | SOMER                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   | WINTER                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
|--------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Hemp         | Blou skoolhemp, met 'n oopslaankraag.<br>Diensraadslede: Wit skoolhemp met oopslaankraag.<br>Hemp moet altyd netjies ingesteeek wees.<br>Indien nodig, mag 'n effekleurige, wit onderhemp onder skoolhemp gedra word, wat onder geen omstandighede sigbaar is nie.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | Blou langmouhemp met 'n toeknoopboordjie en das.<br>Diensraadslede: Wit langmouhemp met 'n toeknoopboordjie en das.<br>Hemp moet altyd netjies ingesteeek wees.<br>Indien nodig mag 'n effekleurige, wit onderhemp onder skoolhemp gedra word, wat onder geen omstandighede sigbaar is nie. |
| Broek        | 'n Kort of lang grys broek (GEEN verandering aan die snit van die broek).<br>Broek moet netjies pas.<br>Grys of swart belt.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Skoene       | Swart toeryg skoolskoene.<br>Geen dik sole, tekkies, stewels ("boots"), vellies (veldskoene), suede, ander kleure of gekleurde insetsels, hoë hak, skerp punt, skoene sal toegelaat word nie.<br>Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Trui en serp | Moulose skooltrui soos deur leweransier verskaf.<br>Langmou skooltrui. Moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.<br>(Skoolhemp is verpligtend onder trui).<br>Voorgeskrewe trui sluit in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Graad 12: Ligblou trui</li> <li>• Graad 8 – 11: Voorgeskrewe skooltrui</li> <li>• Diensraad: Wit trui vir verkose diensraadslede</li> </ul> Slegs 'n koningsblou of wit serp is toelaatbaar, soos deur leweransier verskaf.                                                                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Das          | Voorgeskrewe skooldas in winter is verpligtend.<br>Voorgeskrewe skooldas sluit in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Graad 12: Slegs vir matriekleerlinge</li> <li>• Graad 8 – 11: Voorgeskrewe skooldas</li> <li>• Diensraad: Diensraad-das vir verkose diensraadslede</li> <li>• 1<sup>ste</sup> span dasse: Verkose 1<sup>ste</sup> span speler(s) op betrokke sportdag. Verwys ook Sport en Buite-kurrikulêre aktiwiteite.</li> </ul> Die hemp moet kan toeknoop bo sodat die das netjies vertoon. Die das mag nie gedeeltelik losgemaak word nie – ook nie buite skoolure terwyl die leerder in skooldrag geklee is nie en moet 'n aanvaarbare lengte wees. |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Baadjie      | Effekleurige koningsblou baadjie soos deur die leweransier verskaf.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
| Kouse        | SLEGS grys skoolkouse.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                                                                                                                                                                                                                             |

## VOORKOMS- EN KLEREDRAGREËLS

### KLEREDRAGREËLS: DOGTERS

| DOGTERS         | SOMER                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | WINTER                                                                                                                                                                        |
|-----------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Rompe           | Blou skoolromp soos deur leweransier voorsien.<br>Rompe mag nie korter as 6cm van die grond wees wanneer die dogter op haar knieë staan.<br>GEEN verandering aan die snit van die romp nie.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |                                                                                                                                                                               |
| Hemp            | Blou kortmou skoolbloes met 'n oopslaankraag.<br>Diensraadslede: Wit skoolhemp met 'n oopslaankraag, ingesteeke.<br>Hemp moet altyd netjies ingesteeke wees.<br>Gesikhte onderklere van die regte kleur.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             | Blou langmou skoolbloes met 'n toeknoopboordjie en das.<br>Diensraadslede: Wit langmou skoolbloes met 'n toeknoopboordjie en das.<br>Hemp moet altyd netjies ingesteeke wees. |
| Langbroek       | Grys skool langbroek.<br>Broeke moet netjies pas.<br>GEEN veranderinge aan die snit van die langbroek nie.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                                                                                                                                                                               |
| Kouse           | Kort wit sokkies, omgevou.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | Koningsblou sykouse (soos deur leweransier voorsien) saam met skoolrompe gedra.<br>Grys sokkies saam met langbroeke gedra.                                                    |
| Skoene          | Swart toeryg- of bandjie skoolskoene.<br>Geen dik sole, tekkies, stewels ("boots"), vellies (veldskoene), suede, ander kleure of gekleurde insetsels, hoë hak, skerp, skoene sal toegelaat word nie.<br>Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                               |
| Trui en serp    | Moulose skooltrui soos deur leweransier verskaf.<br>Langmou-skooltrui. Moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.<br>(Skoolhemp is verpligtend onder trui).<br>Voorgeskrewe trui sluit in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Graad 12: Ligblou trui</li> <li>• Graad 8 – 11: Voorgeskrewe skooltrui</li> <li>• Diensraad: Wit trui vir verkose diensraadslede</li> </ul> Slegs 'n koningsblou of wit serp is toelaatbaar, soos deur leweransier verskaf.                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                               |
| Das             | Voorgeskrewe skooldas in winter is verpligtend.<br>Voorgeskrewe skooldas sluit in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Graad 12: Slegs vir matriekleerlinge</li> <li>• Graad 8 – 11: Voorgeskrewe skooldas</li> <li>• Diensraad: Diensraad-das vir verkose diensraadslede</li> <li>• 1<sup>ste</sup> span dasse: Verkose 1<sup>ste</sup> span speler(s) op betrokke sportdag. Verwys ook Sport en Buite-kurrikulêre aktiwiteite.</li> </ul> Die hemp moet kan toeknoop bo sodat die das netjies vertoon. Die das mag nie gedeeltelik losgemaak word nie – ook nie buite skoolure terwyl die leerder in skooldrag geklee is nie. |                                                                                                                                                                               |
| Baadjie         | Effekleurige koningsblou baadjie soos deur die leweransier verskaf.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                                                                                                                                               |
| Haarversierings | Haar benodighede moet funksioneel wees in die kleure blou, geel of wit, bruin of swart of deurskynend.<br>Haar benodighede moet die skooldrag komplementeer en moet nie oordadig wees nie. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen blink bykomstighede (bv. pêrel of diamanté) mag op haarbande, kopbande of knippies verskyn nie. Leerders mag wel 'n eenvoudige haarknippe dra (in die kleure soos hierbo uiteengesit).</li> <li>• Haarbande mag nie meer as 5 cm wees nie.</li> </ul>                                                                                                                                       |                                                                                                                                                                               |

## VOORKOMS- EN KLEREDRAGREËLS

### Hare: Seuns

- Hare moet ten alle tye in 'n netjiese styl gedra word.
- Net kort hare word toegelaat. Hare mag nie aan die ore of kraag raak nie.
- Seuns se hare moet gesny word volgens onderstaande voorskrifte:
  - Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak of uitermatig lank wees nie. Voorkoppe moet skoon wees.
  - Die hare moet so gesny wees dat dit of oral ewe kort is of kort aan die kant en geleidelik langer word na boontoe, binne die grense van hierdie kode.
  - GEEN gravering, patrone of lyne mag op die kop of wenkbroue aangebring word nie.
  - "Afro" haarstyle mag nie ander leerders se vermoë om in die klas te kan sien beperk nie. Dit moet netjies gesny word tot 'n aanvaarbare vlak.
  - Gevlegte, gedraaide hare asook "dreadlocks" word toegelaat solank dit in ooreenstemming met die hare reëls is.
- **Hare mag slegs een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur (blond, bruin, rooibruin of swart) gekleur word.** Hare mag nie op onnatuurlike wyse gekleur word nie. Enige kleur moet in stand gehou word. Die hare mag nie meer as een sentimeter uitgroei wees nie.
- GEEN kraletjies word toegelaat nie.
- GEEN haarverlengings of bykomstighede word toegelaat nie.
- GEEN bakkebaarde, baarde en snorre word toegelaat nie.
- Wangbaarde mag nie langer as die middel van die oor gedra word nie en moet kort gesny wees.
- GEEN pruie word toegelaat sonder die skriftelike toestemming van die BL nie.
- Leerders wat hul hare wil afskeer moet toestemming by die skoolhoof verkry.
- **Enige teenstrydighede aangaande hare sal deur 'n paneel van drie manlike personeel of BL lede beoordeel word en hulle besluit is final.**

### Hare: Dogters

- Hare moet ten alle tye in 'n netjiese styl gedra word.
- Sodra hare lank genoeg is, moet dit vasgemaak word. Hare wat oor die kraag hang moet vasgemaak word op so 'n wyse dat geen los hare uithang nie.
- Die kuif mag nie oor die wenkbroue of oë hang nie. Dit moet teruggesteek word met nie meer as drie (3) tot vyf (5) knippies wat dieselfde kleur is as die hare (swart, goud, bruin of deurskynend).
- GEEN hare word in die gesig toegelaat nie. Los hare en hare wat in die gesig hang, moet vasgesteek word.
- Vlegsels en "dreadlocks" word toegelaat maar moet skoon en netjies gehou word en ten alle tye vasgemaak wees.
- Die volume van haarverlengings word beperk tot 'n netjiese, aanvaarbare lengte, wat nie langer as die middellyf is as dit vasgemaak is nie.
- **Hare mag nie langer as die middellyf wees as dit vasgemaak is nie.**
- "Afro" haarstyle mag nie ander leerders se vermoë om in die klas te kan sien beperk nie. Dit moet netjies gesny word tot 'n aanvaarbare vlak.
- GEEN gravering, patrone of lyne mag op die kop of wenkbroue aangebring word nie.
- **Hare mag slegs een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur (blond, bruin, rooibruin of swart) gekleur word.** Hare mag nie op onnatuurlike wyse gekleur word nie. Enige kleur moet in stand gehou word. Die hare mag nie meer as een sentimeter uitgroei wees nie.
- GEEN kraletjies word toegelaat nie.
- GEEN pruie word toegelaat sonder die skriftelike toestemming van die BL nie.
- Slegs haar bykomstighede ("alice bands", "scrunchies", linte en rekkies) wat dieselfde kleur is as die skoolkleure (blou, wit en geel) mag gedrag word.
- Leerders wat hul hare wil afskeer moet toestemming by die skoolhoof verkry.
- **Enige teenstrydighede aangaande hare sal deur 'n paneel van drie vroulike personeel of BL lede beoordeel word en hulle besluit is final.**

## VOORKOMS- EN KLEREDRAGREËLS

### Juwele

- Leerders mag geen bykomstighede aan die arms, bene of nek dra nie. Behalwe in geval van 'n erkende mediese toestand.
- GEEN juwele soos ringe, armbande (rekkies of leer) of kettings, word toegelaat nie.
- Polshorlosies is toelaatbaar, sonder enige onnodige versierings of "charms" daaraan. "Smart watches" mag gedra word maar mag net geaktiveer word in gevolg die reëls en voorwaardes gestel in die gedragskode. Geen slimhorlosies mag tydens die toetse, assessering en/of eksamen gedra word nie.
- Slegs seëlringe vir dogters word toegelaat. Seëlringe sonder 'n steen, aan ringvinger.
- Geen seun mag 'n ring van enige aard dra nie.
- Oorringetjies/-knoppies: Dogters mag slegs 1 dun, gladde ringetjie of knoppie in silwer of goud in die onderste gat van 'n oorlel dra. Maksimum deursnee van die ringetjie is 10mm en knoppie 3mm onderskeidelik. Geen steentjies of pêrels van enige aard word toegelaat nie.
- Geen oorversierings van enige aard vir seuns nie.
- Geen liggaamsjuwele mag saam met skooldrag of sportdrag of gedurende gewone drag in skoolverband gedra word nie.
- Geen "pennetjies" of deursigtige pennetjies om gaatjie(s) oop te hou is toelaatbaar nie.
- Sonbrille mag nie by skoolklere gedra word nie, tensy toestemming deur die skoolhoof of sy gedelegeerde daartoe verleen is. Voorskrifbrille is hierby uitgesluit.

### Naels

- Opgeboude en kunsnaels is verbode. Geen gel, akriel, "French tips" of ander versierings op naels nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.
- Naellengte – naels mag nie oor die vingerpunte steek, wanneer die hand omgedraai word nie.

### Grimering

- Geen grimering – ook nie by sport geleenthede nie, tensy die skoolhoof daarvoor toestemming verleen weens spesiale omstandighede.
- Geen vals wimpers of wimpverlengings word toegelaat nie.
- Ooghare mag nie afgeskeer word nie en geen patrone in die wenkbroue word toegelaat nie.
- Prosedures soos permanente oogomlyner, "microblading" en poeierwenkbroue word nie toegelaat nie.

### Sport en buite-kurrikulêre aktiwiteite

Daar is amptelik, goedgekeurde sportdrag vir alle sport kodes, onderskeidelik vir seuns en dogters. GEEN ander alternatiewe drag is toelaatbaar tydens skool/sportbyeenkomste nie.

**Goedgekeurde drag wat tydens skoolure gedra mag word en SLEGS deur 1<sup>ste</sup> span spelers wat vir daardie betrokke dag se span gekies is:**

Hokkie: Lang, wit kouse met 1<sup>ste</sup> span das.

Netbal: Kort wit kouse ("Harties Netbal") met 1<sup>ste</sup> span das.

Rugby: Rugby "cap" met 1<sup>ste</sup> span das.

**1<sup>ste</sup> Span dasse mag slegs deur verkose spelers op wedstryd dae gedra word of die Vrydag voor 'n Saterdag wedstryd..**

Die skool erken GEEN "1<sup>ste</sup> span baadjies" of enige nie-amptelike drag wat nie deur die BL goedgekeur is nie.

1<sup>ste</sup> Spanne moet in hul VOLLEDIGE skooldrag by 'n byeenkoms aankom, en op die normale ooreengekome tydstop, soos deur die afrigter bepaal, in hul sportdrag verkleed.

Dit is 'n oortreding indien 'n seun, dogtersdrag (sportdrag) of 'n dogter, seunsdrag (sportdrag) op die skoolterrein of in die publiek dra.

### **Afwesighede**

Slegs 'n geldige doktersbrief sal aanvaar word wanneer 'n leerder afwesig is tydens 'n toets of eksamen, mondeling of PAT. Die graadvoog en vakonderwyser moet in kennis gestel word indien die leerder siek is en 'n toets of eksamen gaan mis. Die doktersbrief moet so gou moontlik by die graadvoog/vakonderwyser ingehandig word.

Dit is die plig van elke leerder om enige agterstallige werk in te haal, wat hy/sy tydens afwesigheid gemis het.

Die skoolhoof/ sy gevolmagtigde en/of 'n opvoeder behou die reg om navraag te doen na die rede vir afwesigheid, veral na 'n afwesigheid van drie (3) agtereenvolgende dae, indien die skool nie in kennis gestel is van die rede van die afwesigheid nie.

### **Laat kom**

Vir enige afwesighede moet die leerder 'n verskoningsbrief van die ouer(s) / voog(de) by die registeronderwyser inhandig. Indien die leerder versuim om die brief in te handig, sal hy/sy -10 debiete op die dissiplinêre stelsel ontvang.

### **Vroeg uitteken**

Indien 'n leerder aan die begin van die skooldag weet dat hy/sy vroeg uitgeteken gaan word, moet 'n brief van die ouer(s)/voog(de) gedurende die registerperiode by die kantoor ingehandig word. Die kantoor sal die personeel in kennis stel dat die leerder vroeg uitgeteken word.

Indien 'n leerder siek word gedurende die skooldag, moet die leerder skriftelike toestemming by die registeronderwyser ontvang. Die kantoor sal dan die ouer in kennis stel dat die leerder siek is.

Indien daar 'n krisis by die huis ontstaan en 'n ouer(s)/voog(de) moet 'n leerder onbepland vroeg uitteken, moet die ouer(s)/voog(de) SELF die leerder kom uitteken. Sou iemand anders die leerder uitteken, moet die ouer skriftelike toestemming (e-posse is aanvaarbaar) gee vir die leerder om saam met die persoon die skool te verlaat (geen WhatsApp of SMS sal aanvaar word nie).

Verwys asb. na die gedragskode VIR leerders wat tydens skoolure siek word.